



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die vierde verslag vir 2021.

POLITIEK

- Die Suid-Afrikaanse gemeenskap was stomgeslaan deur die onlangse golf van ongebreidelde onrus, stropery, misdaad en wetteloosheid in KwaZulu-Natal en Gauteng.
- Miskien was die gemeenskap meer ontsteld oor die onvermoë van die veiligheidsdienste om die onrus te voorsien en te beheer. (Miskien is dit egter 'n aanduiding dat die veiligheidsdienste nie in staat is om 'n staatgreep te beplan en uit te voer nie en is ook dalk 'n aanduiding hoekom die weermag nie behoorlik befonds word nie.)
- Gegewe die desperate behoefte om partyeenheid te bewerkstellig en te behou voor die volgende verkiesing, word verwag dat die persone wat verantwoordelik was vir al die flaters tydens die onluste, nie hul werk in die afsienbare toekoms sal verloor nie.
- Hierdie onrus toon ook die dringende noodsaak om die bestaande ekonomiese beleid betekenisvol aan te pas. Dit word egter veronderstel dat hierdie veranderinge nie sal plaasvind nie en dat die onderliggende redes vir die onluste, dus bly voortbestaan.
- Tans oefen die Chinese regering al hoe meer en meer beheer oor buitelandse beleggings en Chinese tegnologie maatskappye uit. Hierdie optrede het implikasies vir internasionale en plaaslike aandeelbeurse en spesifieke maatskappye.
- Die eerste skuldigbevinding van 'n persoon wat verlede jaar aan die Hongkong betogings deelgeneem het om teen die wet wat siviele en menseregte aan bande lê en deur die Chinese regering afgedwing is, het so pas plaasgevind.
- Brexit-spanning tussen die Europese Unie en die VK duur voort.
- Die onttrekking van VSA en geallieerde troepe vanuit Afghanistan duur voort en laat Taliban troepe toe om al hoe meer werklike beheer van die land oor te neem en streng Islamitiese wette toe te pas.
- Die Biden administrasie het aangedui dat VSA troepe teen die einde van die jaar aan Irak sal onttrek. Dit kan negatiewe gevolge vir stabiliteit in die Midde-Ooste meebring.
- Suid-Afrika stuur troepe na die noorde van Mosambiek om die Isis- gesteunde rebelle te stuit.
- Rebelle veroorsaak steeds onrus in Mali, Niger en Burkina Faso, terwyl winsgewende ontvoerings in Nigerië voortduur. Tans is daar geen vooruitsig dat die gevegte in Ethiopië beëindig sal word nie.
- Die Zimbabwe inflasiekoers het van 106.6% tot die jongste 56.4% geval.
- Lande soos Brasilië, Argentinië, Paraguay en ook Meksiko ervaar tans 'n baie erge droogte wat landbouoeste, vervoer en elektrisiteitsvoorsiening benadeel. Die suidweste en weste van die VSA word ook deur 'n erge droogte geteister.



- Tot die groot teleurstelling van plaaslike politici, het die Kubaanse modelstaat ook in die afgelope weke onrus beleef!
- Die Groot Leier van Noord-Korea en sy eweknie van Suid-Korea het ooreengekom

INTERNASIONAAL

- Die jongste werkloosheidsyfers in die belangrike nywerheidslande is: VSA 5.9%, VK 4.8%, Eurogebied 7.7%, Duitsland 3.7%, Japan 2.9%, China 5.0%
- Die jongste inflasiesyfers vir hierdie lande is: VSA 5.4%, VK 2.5%, Eurogebied 2.2% Duitsland 3.8%, Japan 0.2%, China 1.1%.
- Tienjaar staatseffekte op 2/08/21 (vergeleke met 2/07/21): VSA 1.1756% (1.4306%), VK 0.5330% (0.7000%), Duitsland -0.4780% (-0.2390%), Japan 0.0160% (0.0430%), China 2.8240% (3.0890%).
- In die afgelope maand was die fokus van die internasionale finansiële markte op die styging van inflasie asook die negatiewe impak wat die stygende infeksies weens die Delta virus variant op ekonomiese groei in die res van die jaar kan hê.
- Nieteenstaande die stygende inflasiekoerse, het langtermynrentekoerse gedurende die afgelope maand gedaal omdat sentrale bankiers van mening bly dat die stygende inflasiekoerse van tydelike en verbygaande aard is.
- Die stygende inflasiesyfers word aangedryf deur die ekonomiese herstel, energie- en voedselpryse wat aansienlik hoër as 'n jaar gelede is asook die toename in indiensname.
- Brent ru-oliepryse het van net meer as \$43/vat op 31 Julie 2020 tot meer as \$76/vat teen die einde van Julie 2021 gestyg. Die hoër energiepryse weerspieël die herstel van die wêreld ekonomie en die gepaardgaande toename in energieverbruik, die optrede van OPUL en Rusland om produksie en die aanbod van olie aan die energiemarkte te beperk en die feit dat VSA hidrobreking-produisente nog nie almal weer begin produseer het

om met mekaar te praat – gróóit vooruitgang!

nadat baie verlede jaar die bedryf verlaat het weens die lae pryse.

- Voedselpryse het ook oor die afgelope jaar skerp gestyg weens die skerp toename in die vraag van veral China wat sy voorraadvlakke herbou soos wat hulle hul varkkuddes herstel. Terselfdertyd is die voorsiening van voorrade onder druk weens die baie ernstige droogte in lande soos Brasilië en Argentinië. Brasilië bly die grootste verskaffer van suiker en koffie terwyl Argentinië die wêreld se grootste uitvoerder van soja is. Benewens die oeste wat deur die droogte benadeel word, beperk die lae watervlakke in riviere riviervoer en moet van duurder padvervoer gebruik gemaak word.
- Soos ekonomiese herstel van die streng inperkings weens die Covid-19 pandemie, daal werkloosheid en sal salarisse en lone waarskynlik styg wat tot opwaartse druk op die inflasiekoerse kan lei. Tot dusver het salarisse en lone in die VSA redelik matig gestyg en het dus nog nie tot ernstige opwaartse inflasiedruk gelei nie.
- Vooruitskattings dui op wêreld ekonomiese groei van meer as 6% in 2021 na die negatiewe groei van 3.5% in 2020. Vooruitskattings is dat groei van meer as 6% in die VSA, meer as 7% in die VK, net minder as 5% in die Eurogebied, sowat 3% in Duitsland, sowat 2.5% in Japan en net meer as 9% in China verwag kan word. Die risiko tot hierdie vooruitskattings is die huidige toename in die Covid-19 Delta variant in al die wêreldstreke.
- Die sentrale bankiers van die meeste nywerheidslande is van mening dat die huidige inflasiesyfers wat mmestal bo die mikpunt van sentrale banke is, van



verbygaande aard is en in komende maande behoort te daal. Tans is die uitsonderings Japan en China waar inflasie laer as die mikpunt is. Daarom dui vooruitskattings daarop dat korttermyn-rentekoerse in die VSA en die VK nie in die afsienbare toekoms sal styg nie. In die Eurogebied en Japan sal rentekoerse waarskynlik eers na 2023 styg.

- Langtermynrentekoerse het in die afgelope maand gedaal soos markdeelnemers aanvaar het dat die huidige inflasie wat hoër as die mikpunte is, meestal van verbygaande aard is en in die volgende twaalf maande sal daal. Die risiko dat groei kan verlangsaam weens die huidige impak van die virus, speel ook 'n rol.
- Algemene mynboukommoditeitspryse is die afgelope maand deur die vooruitsigte van die wêreld ekonomie en die sterkte van die dollar beïnvloed. Koper het met 5.5%, steenkool met 16.1%, staal met 15.6% gestyg, maar ystererts het met 12.4% in die afgelope maand gedaal. Landboupryse word steeds deur weerpatrone beïnvloed. In die afgelope paar weke is die droogte in Brasilië en Argentinië opgevolg deur buitengewone koue in sekere streke. Koffie styg met 15.6%, terwyl houtprodukte met 18% in die afgelope maand gedaal het. Alhoewel dit aanvaar word dat weerpatrone of die beweging van die dollar algemene kommoditeitspryse kan beïnvloed, bly die vraag- en aanbodsituasie van elke kommoditeit uiteindelik die belangrikste faktor in die bepaling van pryse.
- Die goudprys het die afgelope maand gestyg, maar word steeds beïnvloed deur die sterkte van die dollar. Lae rentekoerse en voldoende likiditeit sowel as die vrees vir inflasie ondersteun die goudprys tans. Platinum, palladium en rodiumpryse het die afgelope maand verswak weens 'n swakker vertoning van die motorbedryf in die VSA en Europa weens tekorte aan mikroskyfies.

- Die olieprys het minder as 1% in die afgelope maand gestyg. Dit word ondersteun deur die afname in VSA voorrade, die voortgesette verbetering van die wêreld ekonomie wat 'n groter vraag veroorsaak asook die optrede van OPUL en Rusland om die huidige pryse te ondersteun. Die vrees dat die vinnige verspreiding van die virus, regerings kan noop om ekonomieë weer eens strenger in te perk, ondermyn die prys. In die langer termyn word steeds verwag dat alternatiewe energiebronne goedkoper sal word en uiteindelik die olieprys sal laat verswak.
- Ek wil egter weer eens daarop wys dat onderliggend aan al die bogenoemde tendense en veral groei vooruitskattings, die aanname is dat inenting sal voortgaan en sowat tweederdes van bevolkings sal dek. Daardie lande, soos Suid-Afrika, wat stadig is met die inenting van persone, sal die groeifase en veral die verwagte verbetering van internasionale toerisme verpas.

PLAASLIK

- Suid-Afrika was verbyster deur die onlangse onluste en plundering wat veral in KwaZulu-Natal en Gauteng plaasgevind het. Die onvermoë van die veiligheidsdienste om hierdie orgie te voorsien en te beheer, het die vraag laat ontstaan of ons op hulle kan staatmaak om ons land, ons besighede, ons infrastruktuur en ons lewens te beskerm? Dit beteken dat dit nie net buitelandse beleggers is wat skrikkerig sal wees om hier te kom investeer, besigheid te doen en mense in diens te neem nie, maar ook plaaslike beleggers. Hopelik het ons owerhede voldoende geskrik en wakker geword!
- 'n Nuwe handelsrekening rekord surplus van R57.7 miljard is in Junie aangeteken na die surplus van R54.4 miljard in Mei. Uitvoere het met 2% maand-op-maand



gestyg terwyl invoere min verander het. Gegewe die Januarie tot Junie surplus van amper R260 miljard op die handelsrekening, is dit tans duidelik dat die lopenderekning van die betalingsbalans vanjaar 'n baie gesonde surplus sal toon.

- Die gesonde handelsurplus toon dat die RSA baat by die internasionale herstel en groei van ons uitvoere. Ongelukkig het die sluiting van ons belangrikste vervoerroetes na en van die KwaZulu-Natal hawens asook die kuberaanval op die Transnet rekenaarstelsels geweldige ontwrigting van die hantering van produkte in die hawens asook ons buitelandse handel meegebring. Hopelik word hierdie probleme spoedig opgelos.
- Die positiewe internasionale handel ondersteun die groei van die plaaslike ekonomie. Groei van tussen 4% en 5% was voorspel, maar die ontydige onluste tesame met die inperkings weens die derde vlaag van die pandemie, dui daarop dat groei minder as wat in die afgelope tyd voorspel is, sal wees.
- Gegewe die sterk vertoning van mynuitvoere, toon mynmaatskappye baie begter winste wat beter as verwagte belastinginkomste vir die regering in die April tot Junie kwartaal meegebring het. Inkomste het met 56.2% teenoor die ooreenstemmende 2020 periode en 19% teenoor die ooreenstemmende 2019 periode gestyg. Dit het die regering daartoe in staat gestel om bykomende welsynstoelaes aan werkloes uit te deel en om beter as aanvanklik verwagte verhogings vir staatsamptenare toe te staan. Die beter as verwagte staatsinkomste dui daarop dat die voorspelde Februarie begrotingstekort van 9% tot 7% van die bruto binnelandse produk (BBP) verminder kan word. Die bykomende uitgawes kan wel veroorsaak dat die tekort tot 8% van die BBP kan styg.
- Die beter finansiële posisie van die staat bied meer beweegruimte ten opsigte van

bykomende welsynstoelaes en beter as verwagte vergoedingspakette vir staatsamptenare, maar hierdie uitgawes is nie in die langtermyn volhoubaar nie. Die is van wesenlike belang dat staatsuitgawes – salarisse, lone, welsynstoelaes – onder beheer gebring moet word. Geen ruimte bestaan vir enige korrupsie, vermorsing, wanaanwending van fondse of ongemagtigde uitgawes nie. Gegewe die feit dat munisipale verkiesings uitgestel is, word aanvaar dat die bestuurs- en finansiële probleme van munisipaliteite nie in die afsienbare toekoms aangespreek sal word nie. Dit maak my regtig bekommerd!

- In Junie daal inflasie tot 4.9% van 5.2% in Mei. Voedsel- en vervoerkostes is weer eens van die groot bydraers tot die inflasiekoers. Vervoerkostes sal na verwagting steeds opwaartse druk op die inflasiekoers plaas weens die skerp verhoging in brandstofpryse aan die begin van Augustus. Die ontwrigting van vervoerroetes tydens die onluste in KZN, kan verdere druk op die Augustus inflasiekoers plaas. Vooruitskattings toon egter steeds dat die gemiddelde 2021 inflasiekoers minder as die teikenkoers van 4.5% sal wees.
- Gegewe die huidige probleme van die plaaslike ekonomie, die onaanvaarbare hoë werkloosheidskoers, sowel as die aanname dat inflasie onder beheer bly, dui aan dat korttermynrentekoerse tot die einde van die jaar onveranderd kan bly. Die Reserwebank het egter aangedui dat hierdie rentekoerse voor jaareinde met 25 basispunte kan styg.
- In onlangse maande het langtermynrentekoerse meestal sywaarts beweeg. Op 2/08/21 het die tienjaar staatseffekte teen 8.7700% verhandel teenoor die 8.9050% op 2/07/21. Dit word aanvaar dat hierdie koerse tot die einde van die jaar steeds sywaarts kan beweeg. Opwaartse druk op hierdie koerse ontstaan weens die groot openbaresektor vraag na



langtermynfinansiering en maontlike politieke steurnisse/ontwikkelings wat tot kapitaaluitvloei kan lei. Enige opwaartse druk word geneutraliseer deur die relatief swak vertoning van die ekonomie, die onaanvaarbare werkloosheidsvlakke en die gemiddelde inflasiekoers wat onder beheer bly.

- In die afgelope maand het die rand verswak van R14.28/\$ op 4 Julie tot R14.45/\$ op 2 Augustus. Gedurende die afgelope maand het die rand tot am;per R15/\$ verswak. Die beweging van die rand was beïnvloed deur die beweging van die dollar teenoor alle belangrike geldeenhede. In die langer termyn word die rand ondermyn deur die vrees dat die grondwet verander sal word om grondonteiening sonder vergoeding toe te laat, dat die onbekostigbare Nasionale Gesondheidsorg Versekeringskema ingestel sal word met al die negatiewe implikasies vir die totale gesondheidstelsel van die land, vrese dat staatsuitgawes nie onder beheer gebring sal word nie en dat dit tot verdere kredietafgraderings kan lei, die onopgeloste munisipale probleme. Die rand word ondersteun deur die beter vooruitsigte vir die wêreld ekonomie en die huidige sterk vraag na mynkommoditeite, die uitstekende vertoning van uitvoere en die gevolglike groot handelsurplusse, die verskil tussen plaaslike en internasionale rentekoerse die stabiele en goed funksionerende plaaslike finansiële stesel. Die rand bly egter onstabiel en verswak in die langer termyn teenoor alle belangrike geldeenhede.

BELEGGINGSOMGEWING

- In die afgelope maand het die dollar sywaarts teenoor die meeste ander belangrike geldeenhede beweeg. Dit vind steeds ondersteuning van die sterker groei as in meeste ander belangrike ontwikkelde lande en aanduidings is dat VSA kortkoerse voor die van ander

ontwikkelde ekonomieë sal styg. Dit is waarskynlik die geval in minstens die volgende agttien maande.

- Gegewe die vooruitsigte vir inflasie in die belangrike nywerheidslande, word verwag dat VSA kortkoerse vroeër kan styg as wat die Fed verwag naamlik dat dit tweekeer in 2023 kan styg. VK kortkoerse kan vroeër as 2023 styg, terwyl Eurogebied en Japanse kortkoerse selfs tot na 2023 stabiel bly.
- Internasionale langkoerse sal na verwagting in die res van die jaar hoofsaaklik sywaarts beweeg
- Algemene kommoditeitspryse word steeds ondersteun deur die verbeterde groei van die wêreld-, maar veral Chinese ekonomie.
- Edelmetale word ondersteun deur voortgesette hoë likiditeitsvlakke in internasionale finansiële markte, maar word ondermyn deur enige sterkte van die dollar.
- Die olieprys word ondersteun deurdat die aanbod van olie beperk word, terwyl die vraag daarna in ooreenstemming met die beter vooruitsigte vir die wêreld ekonomie styg.
- Internasionale aandelebeurse trek voordeel uit die sterker groei en die gevolge daarvan vir maatskappywinste en –dividende.
- Plaaslike kort- en langkoerse beweeg meestal sywaarts in komende maande.
- Die plaaslike aandelemark baat by die beter groei van die plaaslike ekonomie as wat verlede jaar ervaar is terwyl rentekoerse stabiel bly.
- Die rand bly onstabiel en verswak in die langer termyn teenoor alle belangrike geldeenhede.



Ulrich Joubert

3 Augustus 2021.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik op te stel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

